# Assessering van Professionele Bevoegdheid
# November 2014

## VERLANG

**Aanvaar jy is ’n ouditsenior by Arthur Price Loitte & Young Ingelyf (‘APLY’)**

| | |
|---|---|
| (a) | ’n Vergadering tussen mnr Emgee en WBP se bestuur is vir 24 November 2014 geskeduleer. Mnr Emgee het 'n baie vol werkskedule en hy het daarom versoek dat jy hom help met die voorbereiding vir die vergadering.<br><br>Berei ’n lys van toepaslike vrae voor wat Mnr Emgee tydens die voorgestelde vergadering kan stel om bykomende inligting te bekom wat gebruik kan word om te bepaal of APLY die ouditaanstelling behoort te aanvaar. |

**Aanvaar jy is ’n ouditsenior by Fisher Goetsch & Hegarty Ingelyf (‘FGH’)**

| | |
|---|---|
| (b) | Hersien werkspapier W123 wat betrekking het op die ouditering van die voorsiening vir kortings en berei jou nasieningsnotas (‘Eng.: ‘review notes’) voor vir die aandag van A Junior, ’n leerlingrekenmeester wat onlangs by jou firma begin werk het nadat hy sy STR-eksamens geslaag het. |

**Aanvaar jy is WBP se nuutaangestelde finansiële rekenmeester**

| | |
|---|---|
| (c) | Berei ʼn e-pos aan mnr Alexander voor, soos versoek deur mnr Hawkes in sy e-pos gedateer 18 November 2014, waarin jy in leketaal die redes vir die moontlike waardedaling en hoe dit in beginsel bereken sou word, verduidelik. |
| (d) | Berei ʼn e-pos aan mnr Hawkes voor in antwoord op sy versoek vir ʼn nasiening van sy waardedalingsberekeninge, per sy e-pos gedateer 18 November 2014. |
| (e) | Stel ʼn konsepverslag namens mnr Hawkes op waarin jy krities kommentaar lewer op die Oikos-waardasie wat deur The Edge Capital Advisors uitgevoer is. Hierdie verslag sal deel uitmaak van die agendapak wat vir die volgende vergadering aan die Direksie versprei sal word. |
| (f) | Berei ʼn memorandum aan mnr Hawkes voor waarin jy vyf sleutelredes waarom dit nie vir WBP toepaslik mag wees om ʼn belegging in ʼn greinplankaanleg te oorweeg nie, identifiseer en bespreek. |
| (g) | Berei aantekeninge vir mnr Sutton namens Mnr Hawkes voor waarin jy, met redes, aan hom verduidelik watter rekeningkundige uitwerking WBP se implementering van die langtermynaandeelaansporingskema, insluitend enige belastinggevolge daarvan, op die maatskappy se finansiële state sal hê.<br><br>Illustreer die uitwerking, slegs vir die finansiële jaar geëindig 31 Oktober 2014, op elke toepaslike lynitem in die staat van omvattende inkomste en die staat van finansiële posisie, indien aanvaar word dat die skema op 31 Oktober 2014 geïmplementeer is. |
| (h) | Me Moonsamy, die Menslike Hulpbronne-bestuurder van WBP, het die anonieme brief van die ontevrede werknemers, gedateer 18 November 2014, aan jou getoon en versoek dat jy, as ʼn nuutaangestelde personeellid, onpartydige kommentaar daarop lewer.<br><br>Berei ʼn konsepmemorandum aan me Moonsamy voor waarin jy kommentaar lewer op die kwessies wat in die brief aangespreek word. Aanvaar dat jy oor al die toepaslike inligting in verband met die voorgestelde langtermynaansporingskema beskik. |
| (i) | Lys, met redes, ses sleutelinisiatiewe wat jy sou verwag WBP moet begin implementeer om besigheidsvolhoubaarheid te verbeter. Hierdie lys is vir jou persoonlike gebruik as 'n verwysingsdokument ter voorbereiding van jou bywoning van WBP se komende strategiese dinkskrum oor besigheidsvolhoubaarheid. |